basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

NOVEMBER 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1: LU1–LU4

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B (mikro) ✓✓
1.1.2 C (diskresionêre) ✓✓
1.1.3 A (Lorenz) ✓✓
1.1.4 A (grens/marginale) ✓✓
1.1.5 B (ongereguleerde) ✓✓
1.1.6 B (gedifferensieerd) ✓✓
1.1.7 A (kapitaal) ✓✓
1.1.8 B (globalisering) ✓✓
1.1.9 C (Mpumalanga) ✓✓
1.1.10 C (3–6%) ✓✓
1.1.11 A (privaat voordeel) ✓✓
1.1.12 C (Kaapse Fynbosstreek) ✓✓ (12 x 2) (24)

1.2 EENWOORD-ITEM

1.2.1 Keynesiane ✓✓
1.2.2 Lekkasies/Onttrekkings ✓✓
1.2.3 Koste-voordeel-ontleding/-analise ✓✓
1.2.4 Kweekhuiseffek ✓✓
1.2.5 Oordragbetalings ✓✓ (5 x 2) (10)

1.3 PASITEMS

1.3.1 C ('n Balanserende syfer in die berekening van BBP(E) ✓✓
1.3.2 A (Vloei van goedere en dienste tussen huishoudings en besighede) ✓✓
1.3.3 H (Dit is onmoontlik om iemand se posisie te verbeter sonder om iemand anders se posisie te verswak) ✓✓
1.3.4 F ('n Styging in produksie sal uitloop op 'n daling in die langtermyn gemiddelde koste)✓✓
1.3.5 B (Verhouding van uitvoer pryse en invoer pryse) ✓✓
1.3.6 G (Ad valorem of spesifieke belasting op ingevoerde goedere)✓✓
1.3.7 D (Lae groei, hoë werkloosheid en hoë pryse) ✓✓
1.3.8 E (Olie, goud en steenkool) ✓✓ (8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: LU1 AS1–AS4

2.1 **Kies die korrekte woord(e) tussen hakies:**

2.1.1 wisselkoers ✓✓

2.1.2 amplitude ✓✓

2.1.3 privatisering ✓✓

2.1.4 portefeulje ✓✓ (4 x 2) (8)

2.2 **Noem die DRIE deelnemers aan 'n geslote ekonomie:**

- Huishoudings/verbruikers ✓✓
- Besighede/produsente ✓✓
- Staat/Owerheid ✓✓ (3 x 2) (6)

2.3 **Bestudeer die tabel en beantwoord die volgende vrae:**

2.3.1 Die betalingsbalans is die sistematiese aanteken ✓ van 'n land se finansiële transaksies met die res van die wêreld.✓ (2)

2.3.2 SARB ✓✓
Stats SA ✓✓
Handelsbanke ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 Invoere neem toe/Toename/negatiewe ✓✓ (2)

2.3.4 As die verskil tussen BBP en PVB toeneem, ✓✓sal die saldo op die lopende rekening negatief toeneem. ✓✓ (4)

2.4 **Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg:**

2.4.1 Punt **e**/Teen prys R14 en 'n hoeveelheid van 100/waar vraag VV is gelyk aan/sny AA ✓✓ (2)

2.4.2 Dit neem toe ✓✓
Redes:
- Toename in die aantal Amerikaners wat Suid-Afrika besoek.
- Groter investering deur Amerikaners in Suid-Afrika/spekulasie in buitelandse valuta, spekulasie deur VS-beleggers.
- Toenemende uitvoere na VSA ✓✓
- Verkry nuwe lenings van die VSA.
- Dienste (verskeping,versekering) na die VSA.
- Ontvang rente en dividende op kapitaalinvestering in die VSA

(2 x 2) (4)

2.4.3 Appresiasie/Toeneem ✓✓ (2)
- Verhoog die aanbod van dollars
- Verminder die aanbod van rand ✓✓
- Minder rand vir dollars
- Goedkoper om dollars aan te koop (Enige 1 x 2) (4)

2.5 **Verduidelik hoe die bruto binnelandse produk (BBP) teen markpryse afgelei word deur die bestedingsmetode – BBP(E) te gebruik:**

- Besteding op die BBP meet die totale besteding op finale goedere en dienste wat binne die grense van die land geproduseer is. ✓✓
- Word bereken deur die besteding deur al die deelnemers aan die oop ekonomie bymekaar te tel. (Huishouding,owerheid,sakesektor) ✓✓
- Huishoudings bestee op duursame/semi-duursame en nie-duursame goedere en dienste.✓✓
- Die staat bestee op openbare goedere. ✓✓
- Besighede spandeer op kapitaalgoedere✓✓
- Die residuele item is ingesluit as balanserende item.✓✓
- Die uitvoer na die buiteland word opgetel en die invoere word afgetrek. ✓✓
- BBP(E) = C + G +I + (X – M) ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

2.6 **Bestudeer die Laffer-kurwe en verduidelik die verwantskap tussen die belastinginkome en belastingkoers:**

- Die kurwe toon dat wanneer belastingkoers verhoog die staat se inkomste uit belasting verhoog tot by 'n sekere punt: t_1. ✓✓
- Wanneer die belastingkoers groter as t is bv. t_2 dan sal die belastinginkome daal ✓✓
- Wanneer die belastingkoers hoog is, raak mense minder ywerig om te werk.✓✓
- As die belastingkoers 100% is, is niemand bereid om te werk nie, want al die inkomste gaan dan na die staat.
- Te hoë belastingkoerse sal lei tot belastingontduiking en vermyding ✓✓
- Die verlaging in belastingkoerse sal lei tot 'n afname in belastingontduiking en 'n aansporing in werk, besparing en investering.✓✓
- As die belastingkoers nul is, sal geen owerheidsinkomste opgelewer word nie.✓✓
- Ekonome gebruik dit as argument om die vermindering in die koers van belasting te regverdig.✓✓
- Die draaipunt van die kurwe toon aan waar owerheidsinkomste gemaksimeer sal wees.✓✓
- Die punt kan van land tot land verskil.✓✓ Die Laffer-kurwe hoef nie altyd simmetries te wees nie – dit kan bv. maksimum by 40% bereik of selfs by 'n 90%-koers.✓✓
- Bewyse bestaan dat die belastingkoers in die meeste lande minder as t is.✓✓
- In Suid-Afrika het maatskappy- en persoonlike (individuele) inkomstebelasting oor die laaste paar dekades verminder.✓✓

(Geen punte sal toegeken word vir die Laffer-kurwe nie.) (Enige 4 x 2) (8)

[50]

VRAAG 3: LU2 AS1–AS3

3.1 **Kies die korrekte woord(e) tussen hakies:**

3.1.1 normaal ✓✓

3.1.2 implisiete ✓✓

3.1.3 nie-uitsluitbaar ✓✓

3.1.4 mark ✓✓ (4 x 2) (8)

3.2 **Noem enige DRIE voorwaardes/eienskappe van 'n volmaakte mark:**

- Baie kopers en baie verkopers ✓✓
- Homogene produk ✓✓
- Volmaakte markinligting ✓✓
- Vryheid om toe te tree en die mark te verlaat ✓✓
- Geen owerheidsinmenging nie ✓✓ Mark is ongereguleerd ✓✓
- Doeltreffende vervoer en kommunikasie ✓✓
- Geen samespanning ✓✓
- Alle produksiefaktore is volmaak beweeglik ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

3.3 **Bestudeer die grafiek en beantwoord dan die vrae wat volg:**

3.3.1 a / GI = GK ✓✓ (2)

3.3.2 Gemiddelde koste/GK/GTK ✓✓ (2)

3.3.3 R20 ✓✓ (2)

3.3.4 R20 – R11 = R9 (Eenheidswins)
R9 ✓x 500 ✓
R4 500 ✓✓

TI–TK
R10 000 ✓ – R5 500 ✓
R4 500 ✓✓

Ken 'n maks van 2 punte toe vir elke relevante stap wat gevolg is om by die finale antwoord uit te kom. (4)

3.4 **Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae wat volg:**

3.4.1 Oligopolie ✓✓ (2)

3.4.2 Samespanning/Kartelle ✓✓ (2)

3.4.3 Advertensies
Spesiale promosies
Doeltreffende diens/naverkoopdiens
Verlengde winkelure
Internet-transaksies (bank en inkopies)
Lojaliteitstoekenning aan kliënte
Deur-tot-deur-verkope ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

3.4.4



Byskrifte van assestelsel = 1 punt
Byskrifte van vraagkurwe = 1 punt
Vorm van geknakte vraagkurwe = 2 punte
TOTAAL = 4 PUNTE MAKSIMUM

(4)

3.5 **Noem en bespreek die rol van enige TWEE instellings wat betrokke is by Suid-Afrika se mededingingsbeleid:**

- **Mededingingskommissie:** ✓✓
  Probeer om aan alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede te bied om op 'n regverdige manier aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem. ✓✓
  Hulle ondersoek beperkende besigheidspraktyke/misbruik van dominante posisies/en samesmelting ✓✓
  Om gelykheid en regverdigheid te verkry✓✓

- **Mededingingstribunaal:** ✓✓
  Hulle aanvaar of verwerp die aanbevelings van die Mededingings-kommissie.✓✓
  Hulle staan kwytskeldings toe, stop of laat samesmeltings toe en gee opdrag aan die skuldige party om alle koste te dra. ✓✓

- **Mededingingsappélhof:** ✓✓
  Hulle kan besluite wat deur die Mededingingstribunaal gemaak is, hersien deur middel van appèl ✓✓
  Hulle kan 'n besluit wat hersien word bevestig, verander of ter syde stel✓✓
  Dit kan ook beveel om te likwideer of te ontbind wat die teenoorgestelde is as samesmelting ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

3.6 **Tref 'n vergelyking tussen 'n volmaakte mark en die monopolie met betrekking tot pryse, wins, hoeveelheid en koste:**

- Pryse: Die monopolis produseer teen hoër pryse ✓ as die volmaakte mededinger ✓
- Wins: Onder volmaakte kompetisie, sal slegs normale wins oor lang termyn gemaak word. Die monopolis aan die ander kant kan ekonomiese wins op kort en lang termyn maak ✓
- Hoeveelheid: Die monopolis produseer minder ✓ as die volmaakte mededinger ✓
- Koste: Die monopolis produseer nie teen die laagste moontlike koste omrede daar geen kompetisie is nie ✓ terwyl die volmaakte mededinger altyd poog om teen die laagste moontlike koste (draaipunt van LGK) te produseer as gevolg van kompetisie ✓ (4 x 2)

(8)
[50]

VRAAG 4: LU3 AS1–AS4

Kies die korrekte woord(e) tussen hakies:

4.1 4.1.1 Suid-Afrikaanse Reserwebank ✓✓

4.1.2 nywerheids ✓✓

4.1.3 gediversifiseerd ✓✓

4.1.4 Internasionale Monetêre Fonds ✓✓ (4 x 2) (8)

4.2 **Noem enige DRIE voordele van uitvoerbevordering:**

- Geen beperkings op die grootte en skaal van wêreldmarkte. ✓✓
- Produksie is gebaseer op koste en doeltreffendheid✓✓
- Verhoogde binnelandse produksie lei tot laer plaaslike pryse wat die verbruiker sal bevoordeel.✓✓
- Wisselkoerse is meer realisties. ✓✓
- Verhoog indiensneming ✓✓
- Toename in uitvoere het 'n positiewe effek op die betalingsbalans.✓✓
- Land verdien genoeg buitelandse valuta deur uitvoere om vir invoere te betaal.✓✓
- Dit moedig die ontwikkeling van 'n nywerheidsbeleid aan ✓✓
- Waarde word toegevoeg tot 'n land se natuurlike hulpbronne ✓✓

(Enige 3 x 2) (6)

4.3 **Bestudeer die tabel en beantwoord dan die vrae wat volg:**

4.3.1 Statistiek SA ✓✓ (2)

4.3.2 2005 ✓✓ (2)

4.3.3 Die kredietineenstorting in die VSA en Europa **OF** die wêreld-resessie. ✓✓
Aanvaar enige ander relevante rede. (2)

4.3.4
- Die Wêreldbeker-sokkertoernooi wat in 2010 in SA gehou is✓✓
- Hoër vraag deur buitelanders ✓✓
- Groter werkskepping ✓✓
- Infrastruktuurontwikkeling ✓✓

Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:**

4.4.1 Ekonomiese groei is die toename in die produktiewe kapasiteit van 'n land om meer te produseer/Toename in die reële BBP✓✓
Aanvaar enige ander relevante antwoord. (2)

4.4.2
- Historiese belangrikheid – ontdekking van goud in 1886✓✓
- Grootste verdiener van buitelandse valuta✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.4.3
- Om die ongelykhede van die verlede aan te spreek. ✓✓
- Om eienaarskap in die ekonomie te vergroot.✓✓
- Om werksgeleenthede in topbestuur/strukture van die mynbedryf uit te brei.✓✓
- Om die lewenstandaard te verbeter.✓✓
- Om myne meer kompeterend te maak. ✓✓(tenderdoeleindes)

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.5 **Bespreek indiensneming as 'n ekonomiese aanwyser en stel oplossings voor vir die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika:**

- Die aantal persone in diens uitgedruk as 'n persentasie van die ekonomies aktiewe mense staan bekend as die indiensnemingskoers.✓✓
- Die indiensnemingskoers in Suid-Afrika is ongeveer 75%.✓✓
- Dit is laag in vergelyking met ontwikkelde en selfs ontwikkelende lande soos Argentinië en Pakistan ✓✓
- Die groei in die ekonomie gaan nie noodwendig saam met die groei in indiensnemingsyfers nie. ✓✓
- Indiensnemingsaanwysers is belangrik en word hoofsaaklik vir drie redes gebruik:
  - ❖ Om indiensnemingstendense in die verskillende sektore en industrieë te bereken.✓✓
  - ❖ Om produktiwiteit te bereken.✓✓
  - ❖ Om die suksesse in die ekonomie aan te dui. ✓✓

OPLOSSINGS:
- Staat: bv. Openbarewerkeprogramme ✓✓ of enige ander relevante antwoord.
- Sakesektor: arbeidsintensiewe produksie-aktiwiteite✓✓ of enige ander relevante antwoord
- Huishoudings: betrokkenheid by informelesektor-aktiwiteite✓✓ of enige ander relevante antwoord. (Enige 4 x 2) (8)

4.6 **Tabuleer die belangrikste verskille tussen ontwikkelde lande in die noorde en ontwikkelende lande in die suide. (Noord-Suid-verdeling):**

NOORD Ontwikkelde Lande	**SUID Ontwikkelende Lande**
Per capita-inkomste – 87% word geproduseer deur 15% van wêreld-bevolking✓✓	85% van die wêreldbevolking leef op $^1/_5$ van die totale inkomste van die wêreld ✓✓
Die lewensverwagting is hoog in ontwikkelende lande = 75 jaar ✓✓	Die lewensverwagting in ontwikkelende lande is laag as gevolg van wanvoeding, siektes en swak gesondheid = 48 jaar. ✓✓
Die vlak van onderwys is hoog – almal is geletterd ✓✓	Die vlak van onderwys is laag – slegs 46 % van volwassenes is geletterd. ✓✓
Handel: ryk lande subsidieer produksie – ontwikkelende lande kan nie meeding nie✓✓	Handel: Ontwikkelende lande word gemarginaliseer deur subsidies ✓✓
Massaverbruik van olie en steenkool – beskadig die osoonlaag – lug-, water- en geraas-besoedeling en toksiese afval✓✓ (Enige 2 x 2)	Fokus op landbou en grond-toestande, plantgesondheid die agteruitgang en die vernietiging van landbougrond, voldoende reënval, water en plantegroei – produseer nie genoeg kos – hongersnood en wanvoeding✓✓ (Enige 2 x 2)

(8)
[50]

VRAAG 5: LU4 AS1–AS4

5.1 **Kies die korrekte woord(e) tussen hakies:**

5.1.1 hiperinflasie ✓✓

5.1.2 salarisse en lone ✓✓

5.1.3 negatief ✓✓

5.1.4 energie ✓✓ (4 x 2) (8)

5.2 **Noem enige DRIE oorsake van vraag-trek-inflasie:**

- 'n Styging in besteebare inkomste van huishoudings ✓✓
- Beskikbaarheid van krediet verhoog die vraag ✓✓
- 'n Toename in die ekonomies aktiewe bevolking ✓✓
- 'n Daling in inkomstebelasting ✓✓
- 'n Styging in die totale vraag ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

5.3 **Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:**

5.3.1 Omgewingsvolhoubaarheid is die vermoë van die omgewing om sy gebruik in die ekonomiese aktiwiteite te oorleef ✓✓ (2)

5.3.2
- Tekort aan voedselproduksie
- Klimaatsverandering
- Tekort aan landbougrond
- Skaars waterbronne
- Verstedeliking

✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

5.3.3
- Klimaatsverandering verhoog die ernstige tekort aan voedselproduksie ✓✓
- Die tekort aan voedsel word vererger deur vloede, tsoenami's en droogte ✓✓

Enige ander relevante feit (Enige 2 x 2) (4)

5.3.4
- Subsidieer boere in tye van droogte of enige ander klimaatsverandering ✓✓
- Staatsplase waar massaproduksie moontlik is ✓✓
- Verskaf watervoorsieningskemas ✓✓
- Subsidieer alternatiewe energiebronne ✓✓
- Hoë-tegnologie-boerdery, bv. presisieboerdery ✓✓

Enige ander relevante feit. (Enige 1 x 2) (2)

5.4 **Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg:**

5.4.1 Inflasie kan gedefinieer word as 'n volgehoue en aansienlike toename in die algemene prysvlak oor 'n periode van tyd ✓✓ (2)

5.4.2 Owerheid ✓✓ (2)

5.4.3 Geadministreerde pryse ✓✓ (2)

5.4.4
- Meeste van die ru-olie gebruik in Suid-Afrika is ingevoer en aangekoop in VSA$ per vat ✓✓
- Ongunstige wisselkoers impliseer meer rand (R) = dollar ($)1 ✓✓
- Petrol vorm deel van die produksiekoste van besighede wat ook sal toeneem ✓✓

Enige ander relevante feit (Enige 2 x 2) (4)

5.5 **Bespreek regeringsbeleid met betrekking tot die bewaring van die omgewing**.

- Koop of onteien ✓✓ onder staatsbeheer en –bestuur kan gemeenskap se welvaart gemaksimeer word maar dis duur ✓✓ sulke bates is gesluit vir die publiek, bv. inheemse woude in Suid-Afrika ✓✓
- Subsidieer ✓✓ die riviermond-ekosisteem kan in private besit gelaat word maar 'n toelae kan betaal word vir die instandhouding daarvan of belastingtoegewings maak ✓✓ 'n subsidie sal die voordele vir die eienaar verhoog en die eiendom se huidige waarde vermeerder – 'n serwituut kan geregistreer word ✓✓
- Beheer ✓✓ owerheid kan die eienaar dwing om beheer toe te pas soos die aantal besoekers per dag ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

5.6 **Tabuleer die verskille tussen die verbruikersprysindeks (VPI) en die produsenteprysindeks (PPI).**

VPI	PPI
Het betrekking op lewenskoste ✓✓ Mandjie bestaan uit verbruiks-goedere en dienste ✓✓ Kapitaal- en intermediêre goedere word uitgesluit ✓✓ Pryse sluit BTW in ✓✓ Rentekoerse word in berekening gebring ✓✓ Pryse van ingevoerde goedere word nie eksplisiet gewys nie ✓✓ (Enige 2 x 2)	Het betrekking op produksie-koste ✓✓ Mandjie bestaan uit goedere ✓✓ Kapitaal- en intermediêre goedere word ingesluit ✓✓ Pryse sluit BTW uit ✓✓ Rentekoerse word uitgesluit ✓✓ Pryse van ingevoerde goedere word eksplisiet gewys ✓✓ (Enige 2 x 2)

(8)
[50]

VRAAG 6: LU1 & LU4 AS1–AS4

6.1 **Kies die korrekte woord(e) tussen hakies:**

6.1.1 beperkende ✓✓

6.1.2 parastatale ✓✓

6.1.3 uitvoere ✓✓

6.1.4 biodiesel ✓✓ (4 x 2) (8)

6.2 **Noem DRIE redes vir die noodsaaklikheid van die openbare sektor:**

- Voorsien openbare goedere en dienste✓✓
- Bestuur die ekonomie✓✓
- Sien om na gemeenskaplike hulpbronne✓✓ (3 x 2) (6)

6.3 **Bestudeer die uittreksel en beantwoord dan die volgende vrae:**

6.3.1 'n Relatief klein verandering in die besteding✓ lewer 'n groter as proporsionele styging in die nasionale inkome✓ (2)

6.3.2 Inspuitings = Lekkasies ✓✓ (2)

6.3.3 mvg = R100 000 – R40 000 = R60 000
60 000 ✓= 0,6 ✓ of 0,6 ✓✓
100 000 (2)

6.3.4 $K = \frac{1}{1\text{-mgv}}$
$= \frac{1 \checkmark}{1 - 0.6 \checkmark}$
= 2,5 ✓✓ (4)

6.4 **Bestudeer die data en beantwoord die vrae wat volg:**

6.4.1 Witbrood/bruinbrood/mieliemeel ✓✓ (2)

6.4.2
- Groter kompetisie in stedelike gebiede verlaag die pryse van goedere ✓✓
- Geen desentralisasie van besighede✓✓
- Ondoeltreffendheid ✓✓
- Swak bestuur ✓✓
- Gebrek aan kapitaal/gebrek aan infrastruktuur ✓✓
- Gebrek aan ekonomieë van skaal ✓✓

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

6.4.3 Landelike gebiede ✓✓
Totale besteding op goedere in landelike gebiede is R129,31 in vergelyking met die besteding in stedelike gebiede van R115,18 ✓✓ (4)

6.5 **Bespreek kortliks sloerende aanwysers as 'n kenmerk wat vooruitskatting onderskryf:**

- Volg op samevallende aanwysers ✓✓
- Dit bevestig die gedrag van die samevallende aanwysers✓✓
- Indien dit byvoorbeeld nie die opswaai of afswaai bekragtig nie, gee hulle 'n aanduiding dat die opswaai of afswaai swak is en heel moontlik op 'n vroeë stadium gaan eindig✓✓
- Verander van rigting nadat die verwysings draaipunte bereik is✓✓
- Bevestig veranderinge wat aangedui was deur leidende aanwysers✓✓
- Voorsien, vooruit, 'n sein van 'n draaipunt in die sakesiklus ✓✓
- Is eerste om onewewigtighede wat toeneem of afneem in die ekonomie uit te wys ✓✓
- Die invloed van veranderings op die voorspelde verandering wat deur die leidende aanwysers uitgewys was onderskryf die siening dat een sakesiklus 'n volgende genereer✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

6.6 **Verduidelik monetêre maatreëls wat gebruik word om inflasie te beveg:**

- Styging in die rentekoers van banke ✓✓
- Maak dit duurder om geld by banke te leen en moedig besparing aan✓✓
- Verminder die geldvoorraad✓✓
- Verminder die beskikbaarheid van krediet deur banke✓✓
- Stel gewoonlik valuta en kredietbeheer voor✓✓

Enige ander relevante antwoord. (Enige 4 x 2) (8)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

PUNTETOEKENNING VIR OPSTELVRAE

STRUKTUUR VAN OPSTEL:		PUNTE-TOEKENNING:
Inleiding		Maks 3
Inhoud:		
• Hoofdeel:	Byvoorbeeld bespreek/onderskei/ differensieer/verduidelik/ontleed/ evalueer/assesseer	Maks 30
• Addisionele deel:	Byvoorbeeld teken 'n grafiek of diagram/ lei af/gee 'n oorsig/verduidelik kortliks/ brei uit op/jou eie opinie/ ondersteun	Maks 10
Gevolgtrekking		Maks 2
Interpretasie		Maks 5
TOTAAL		**50**

VRAAG 7: LU1AS3

Evalueer die probleme ten opsigte van openbaresektor-voorsiening in Suid-Afrika. Gee ook voorbeelde van probleme wat jy in jou eie gemeenskap ondervind het. **[50]**

INLEIDING

Die owerheid reageer op markmislukking deur die daarstelling en instandhouding van staatsbeheerde besighede om publieke goedere en dienste te verskaf ✓✓✓
Enige ander relevante inleiding. **(Maks. 3)**

INHOUD

1. **Aanspreeklikheid** ✓✓
   - Dit is nodig om 'n verduideliking te gee van jou besluite, aksies en besteding oor 'n periode van tyd ✓✓
   - Daar is meganismes vir evaluering van die owerheid se ekonomiese- en finansiële prestasie ✓✓
   - Dat die verlangde hoeveelhede en kwaliteit goedere en dienste waarvoor belasting gehef word, gelewer is ✓✓
   - Voorkom monopolieë, korrupsie, nepotisme, onbevoegdheid en onverskilligheid ✓✓
   - Twee belangrike elemente van aanspreeklikheid is deelname en deursigtigheid ✓✓
   - Ministeriële verantwoordelikheid, d.i. die ministers van staatsdepartemente is verantwoordelik vir besluite en aksies en besteding ✓✓
   - Parlementêre vraagstelling ontstaan en lede van die huis moet daarop reageer ✓✓
   - Die nasionale tesourie is verantwoordelik vir staatskasbeheer ✓✓
   - Die ouditeur-generaal rapporteer jaarliks skriftelik oor elke staats-departement ✓✓

2. **Doeltreffendheid ✓✓**
   - Openbare goedere word doeltreffend voorsien as Pareto-doeltreffendheid bereik word ✓✓
   - Dit is as hulpbronne op so 'n wyse toegewys word dat niemand beter daaraan toe is sonder dat iemand anders swakker daaraan toe is nie ✓✓
   - Burokrasie ✓✓ dis die amptelike reëls en prosedure ✓✓ onsensitief t.o.v. hul kliënte se behoeftes ✓✓
   - Onbevoegdheid ✓✓ die gebrek aan vaardigheid of vermoë om 'n taak suksesvol te verrig ✓✓
   - Onvanpaste kwalifikasies of 'n onverskillige houding ✓✓
   - Korrupsie ✓✓ die misbruik van 'n persoon se posisie vir persoonlike gewin ✓✓ aanvaar omkoopgeld, bedrog of oneerlike optrede (nepotisme) ✓✓

3. **Taksering van behoeftes ✓✓**
   - Staatsbeheerde ondernemings funksioneer nie volgens die kragte van vraag en aanbod nie ✓✓
   - Dit word vir staatsbeheerde ondernemings baie moeilik om behoeftes te bepaal en is hulle geneig om publieke goedere en dienste te onder- of oorvoorsien ✓✓
   - Die sensus en ander huishoudelike opnames sowel as plaaslike owerheidstrukture verskaf hierdie tipe inligting ✓✓
   - Aangesien hulpbronne skaars is, moet die owerheid besluit watter behoeftes en wie se behoeftes bevredig moet word ✓✓
   - In die privaat sektor sal huise gebou word volgens die prys wat mense in staat en bereid en gewillig is om te betaal ✓✓
   - In die publieke sektor word behuising beskou as 'n sosiale verantwoordelikheid en owerhede voorsien dit volgens die behoeftes van die mense ✓✓

4. **Prysbeleid ✓✓**
   - In 'n markekonomie word pryse bepaal deur vraag en aanbod ✓✓
   - Die doelwitte van besighede is om hul winste te maksimeer en hulle stel die pryse vas om hierdie doelwit te bereik ✓✓
   - Die owerheid is nie ingestel op winsmaksimering as doelwit nie ✓✓
   - Die owerheid neem sekere sosiale-, ekonomiese-, politieke en omgewingstoestande sowel as die openbare mening in ag ✓✓
   - **Gratis dienste** ✓✓ gedek deur belastings ✓✓ van toepassing op meeste gemeenskaps- en kollektiewe goedere ✓✓ (bv.) verdediging, polisie ✓✓ waarvoor heffings en tolgelde gehef word ✓✓
   - **Gebruikerstariewe** ✓✓ opsie van tarief hang af van tegniese redes ✓✓ (bv.) koste van dubbelrylaan kan uit tolgeld gedelg word ✓✓ Ekonomiese redes ✓✓ soos dienste, bv. water en elektrisiteit ✓✓ wat 'n zero-prys het ✓✓ politieke redes ✓✓ waar 'n aansienlike ongelyke inkomsteverdeling geld, administratiewe rantsoenering volgens behoefte ✓✓ (bv.) openbare gesondheid en onderwys ✓✓
   - **Direkte- en indirekte subsidies** ✓✓ direkte subsidies word gebruik om 'n deel van die koste te dek ✓✓ (bv.) stedelike busdiens ✓✓ en 'n indirekte subsidie word gebruik wanneer opgeloopte verliese afgeskryf word ✓✓

- **Staande tariewe** ✓✓ bekend as beskikbaarheidstariewe ✓✓ (bv.) water en elektrisiteit ✓✓ staande tariewe word gebruik om vaste koste te dek en die prys per eenheid verbruik dek veranderlike koste ✓✓
- **Prysdiskriminasie** ✓✓ verskillende verbruikers het verskillende vraagelastisiteite vir 'n goed ✓✓ (bv.) kommersiële en vervaardigingsondernemings betaal hoër koerse as huishoudings en bykomend betaal hulle op 'n glyskaal ✓✓

5. **Parastatale** ✓✓ staatsbeheerde ondernemings ✓✓ lewer 'n diens of nasionaliseer 'n bestaande besigheid ✓✓ Hulle fokus op wins en maksimeer koste ten koste van die behoeftes van sekere groepe ✓✓ (bv.) Yskor ✓✓ SAUK, SAA, Spoornet ✓✓

6. **Privatisering** ✓✓ verwys na die proses waardeur staatsbeheerde ondernemings oorhandig of verkoop word aan private indiwidue ✓✓ koste van instandhouding en bestuur van staatsbeheerde ondernemings is hoog wat kan lei tot hoër belasting en groter openbare skuld ✓✓ Staatsbeheerde ondernemings word nie so doeltreffend soos private ondernemings bestuur nie ✓✓ Nasionalisering is die proses waardeur die staat beheer en eienaarskap neem van private bates en ondernemings ✓✓ Dit sluit kontrakdienste, publieke/privaatsektorvennootskappe en stygende mededingendheid in ✓✓

(Maks 30 punte)

Moontlike probleme in jou gemeenskap of elders.

- Tekort aan drinkwater a.g.v. gebarste pype ✓✓
- Tekort aan elektrisiteit a.g.v. gebrek aan infrastruktuur (elektrisiteit toevoerverdeling/'load shedding') ✓✓
- Gebrek aan skoling – geen geboue beskikbaar nie – gebrek aan instand-houding ✓✓
- Gebrek aan gesondheidsdienste a.g.v. tekort aan mannekrag, infrastruktuur, stakings ✓✓
- Onvoldoende behuising (HOP)

(**Maks 10 punte - Lys van voorbeelde maks 5 punte)**

Aanvaar enige ander relevante antwoord.

SLOT

As die bogenoemde probleme nie betyds aangespreek word deur die owerheid nie, sal die owerheid voortgaan om sy mense te faal in terme van dienslewering ✓✓
Enige ander relevante slot **(Maks 2 punte)**

Gebruik die volgende assesseringsruit saam met die bespreking hierbo:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip vir die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp maar laat belangrike aspekte van die onderwerp uit. (1–15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16–30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31–45)

(Maks 5) **[50]**

VRAAG 8: LU2 AS2

Gee 'n gedetailleerde verduideliking van die oorsake van markmislukking en gebruik 'n grafiek om te verduidelik hoe 'n negatiewe eksternaliteit pryse en hoeveelhede beïnvloed. **[50]**

INLEIDING

Markmislukking vind plaas wanneer die mark nie effektief is nie. Soms slaag vrye markte nie daarin om met 'n gegewe stel hulpbronne die maksimum goedere en dienste te produseer nie./Die mark slaag ook nie daarin om die verbruiker se voorkeur mengsel van goedere en dienste te produseer nie.
Aanvaar enige ander relevante inleiding ✓✓✓ **(Maks 3)**

LIGGAAM

REDES

1. **Eksternaliteite** ✓✓

- Staan bekend as die oorloopeffekte✓✓
- Soms gebeur dit onder volmaakte marktoestande dat sommige mense baat/ly as gevolg van eksternaliteite/Koste en voordele aan derde partye wat nie ingesluit word by die markprys nie✓✓
- Privaat koste (interne koste) en voordele word deur die markmeganisme bepaal✓✓
- Eksternaliteite gaan nie deur die markmeganisme nie, daarom is dit aan geen prys gekoppel nie ✓✓
- Eksternaliteite skakel privaat koste en voordele om na sosiale koste en voordele. ✓✓ Eksternaliteite, is die verskil tussen sosiale- koste en voordele en privaat koste en voordele✓✓
- Negatiewe eksternaliteite bv. besoedeling, storting van afvalprodukte aanstootlike voorkoms van sekere gebiede, ens.✓✓ Meer van die produkte word geproduseer as wat sosiaal aanvaarbaar is✓✓
- Positiewe eksternaliteite bv. voorsiening van skoon water wat lei tot minder siektes en beter onderwys✓✓ Te min hiervan word geproduseer as wat nodig is✓✓
- Die mark misluk want uitset is gebaseer op privaat koste en voordele✓✓

2. **Openbare goedere**✓✓

- Markte is onvolmaak – hulle voldoen nie aan die vraag na sekere goedere nie – die openbare sektor voorsien hierdie produkte bekend as openbare goedere✓✓
- Privaat persone is onwillig om hierdie produkte te lewer as gevolg van groot kapitaal uitleg en lae opbrengs op belegging✓✓
- Word verdeel in gemeenskap (polisie en staatligte) wat nie-uitsluitbaar is nie. ✓✓ en kollektiewe goedere (parke, openbare swembad) wat uitsluitbaar is wanneer 'n fooi gevra word✓✓
- Openbare goedere word nie via die prysmeganisme voorsien nie – die produsent kan nie die goedere of diens weerhou indien nie betaal word nie ✓✓
- Die staat finansier openbare goedere deur belasting en voorsien dit self✓✓
- In RSA – die meeste goedere is privaat goedere en dienste – het mededingers in verbruik en uitsluitbaarheid✓✓

- Kenmerke van openbare goedere:
  - Nie-mededingend ✓✓ die verbruik deur een persoon verminder nie die verbruik deur 'n ander individu nie, bv. ligtoring✓✓
  - Nie-uitsluitbaarheid ✓✓ die verbruik van openbare goedere kan nie beperk word tot die wat daarvoor betaal nie (parasiete bv. radio) ✓✓
  - Sosiale voordele oorskry privaat voordele ✓✓ groot sosiale voordele in vergeleke met private voordele bv. gesondheidsorg en onderwys ✓✓
  - Oneindige verbruik ✓✓ een maal verskaf, is die grenskoste nul om dit aan een addisionele individu te voorsien (verkeersligte) ✓✓
  - Nie-weiering ✓✓ individue mag nie in staat wees om hulself te weerhou van die verbruik van die goedere of dienste nie (bv. straatligte) ✓✓

3. **Meriete- en demerietegoedere** ✓✓

MERIETEGOEDERE (/ ✓)

- Sekere goedere is hoogs in aanvraag vir algemene welvaart – nie hoog geag deur die mark nie – lei tot te min verbruik – markte misluk ✓✓
- Bv. gesondheidsorg en onderwys, veiligheid – merietegoedere – 'n spesiale vorm van privaat goedere ✓✓
- Min mense sal vir onderwys betaal as hulle die volle koste moes dek – sou lei tot markmislukking ✓✓
- In suiwer markstelsel – verbruikersbesteding op merietegoedere word bepaal deur private voordele ✓✓
- Merietegoedere het positiewe eksternaliteite – sosiale voordele verkry uit hul verbruik oorskry die private voordele ✓✓

DEMERIETEGOEDERE (/ ✓)

- Bv. sigarette, alkohol en nie-voorskrifmedisyne – oorverbruik bestaan ✓✓
- Verbruiker is onbewus van ware koste van verbruik, bv. stygende gesondheidskoste ✓✓
- Sosiale agteruitgang lei tot negatiewe eksternaliteite ✓✓

4. **Onvolmaakte mededinging** ✓✓

- Mededinging word dikwels verminder deur die mag van markekonomieë – die mag lê by die produsente ✓✓
- Toestande van onvolmaakte mededinging: beperk die uitset en verhoog pryse wat voorkom dat nuwe besighede die produksietak betree en voorkom verder aanpassings tot die veranderinge in die vraag ✓✓
- Moderne mark laat nie prysonderhandelinge toe nie ✓✓
- Advertensies bevorder produsentesoewereiniteit – moedig die verbruiker aan om die produkte te koop – vertraag produkte uit die mark totdat dit in die besighede se finansiële belang is ✓✓

5. **Gebrek aan inligting** ✓✓

- Inligting is nie altyd beskikbaar om rasionele besluite te neem nie ✓✓
- Verbruikers ✓✓– benodig gedetailleerde inligting om hul nut te maksimaliseer – tegnologie verhoog inligting maar dis nie perfek nie ✓✓
- Werkers ✓✓ onbewus van werksgeleenthede, voordele en nadele, gesondheidsrisiko's van huidige werksgeleenthede ✓✓
- Entrepreneurs ✓✓ gebrek aan inligting oor koste, beskikbaarheid en produktiwiteit van sekere produksiefaktore – funksioneer op 'n basis van foutiewe inligting ✓✓
- Wat lei tot markmislukking ✓✓

6. **Onbeweeglikheid van produksiefaktore** ✓✓

- Meeste markte kan nie vinnig genoeg aanpas by veranderinge in vraag en aanbod nie – a.g.v. hulpbronne wat nie beweeglik genoeg is nie. ✓✓ Die gevolg is dus 'n wantoedeling van hulpbronne.
- Arbeid ✓✓ heelwat tyd verloop voordat werkers tussen beroepe of geografiese gebiede beweeg in reaksie op veranderinge in die verbruikersvraag – aanpassing is stadig en onvoldoende ✓✓
- Ongeskoolde werkers ✓✓ nie in staat, beskikbaar of gewillig om die verlangde vaardighede aan te leer nie ✓✓
- Fisiese kapitaal ✓✓ infrastruktuur soos telefoonkabels – kan slegs met baie ongereelde tydintervalle van een ligging na 'n ander verskuif word ✓✓
- Strukturele veranderinge ✓✓ vind stadig plaas – vraag neem toe, terwyl dié van ander afneem – tegnologie soos robotte word gebruik – dit neem tyd vir arbeidsintensiewe tekstielproduksie om oor te skakel na rekenaargesteunde produksiemetodes ✓✓

7. **Onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart** ✓✓

- Markstelsel staan neutraal tot inkomsteverdeling ✓✓
- Markekonomie verskaf geleenthede om 'n inkomste te verdien, maar dit nie gelyk nie – want daar's nie gelyke onderwysgeleenthede of vaardighede nie ✓✓
- Lei tot laer verdienste vir armes, vroue en gestremdes ✓✓

8. **Prysdiskriminasie** ✓✓

- 'n Situasie waar identiese goedere en dienste verkoop word teen verskillende pryse aan verskillende verbruikers ✓✓
- Lei tot 'n situasie waar sekere verbruikers laer pryse betaal ✓✓
- Bv. lugrederye verkoop kaartjies op dieselfde vlug teen verskillende pryse aan verskillende klante ✓✓ **(Maks 30 punte)**



(Maks 10 punte)

SLOT

Enige relevante slot kan aanvaar word. ✓✓ **(Maks. 2 punte)**

Gebruik die volgende assesseringsruit saam met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp maar laat belangrike aspekte van die onderwerp uit. (1 - 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 - 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 - 45)

(Maks 5 punte) **[50]**

VRAAG 9: LU3AS3

Bespreek die argumente ten gunste van beskerming en verduidelik hoe suksesvol Suid-Afrika is in die beskerming van die plaaslike tekstielbedryf teen buitelandse kompetisie. **[50]**

INLEIDING

Beskerming is een been van die Suid-Afrikaanse internasionale handelsbeleid ✓✓✓
Aanvaar enige ander relevante inleiding **(Maks 3 punte)**

Argumente ten gunste van beskerming:

1. **Skep inkomste vir die regering** ✓✓

- In ontwikkelende lande is die belastingbasis dikwels beperk omdat individue en besighede se inkomste so min is ✓✓
- Lae inkomste voorsien nie veel in die vorm van inkomstebelasting nie ✓✓
- Daarom is doeanetariewe op invoere 'n belangrike bron van inkomste ✓✓

2. **Beskerming van die volle nywerheidsbasis** ✓✓

VIER oorwegings is relevant in die beskerming van die nywerheidsbasis van 'n land:

- Bestendiging van binnelandse indiensneming/verminder werkloosheid en verskaf meer werksgeleenthede ✓✓
  - lande met hoë vlakke van werkloosheid is onder druk om werkskepping te stimuleer ✓✓
  - beskermingsbeleide word gebruik om industrialisasie te stimuleer ✓✓
  - binnelandse werkskepping word aangemoedig deur die instel van invoerbeperkings ✓✓

- Beskerming van werkers ✓✓
  - lande met lae lone verteenwoordig 'n onregverdige mededinging en bedreig die lewenstandaard van hoogs betaalde werkers ✓✓
  - beskerming is noodsaaklik om plaaslike loonvlakke teen daling te beskerm ✓✓
  - voorkom dat plaaslike besighede sluit omdat hulle niewinsgewend raak ✓✓

- Diversifisering van die nywerheidsbasis ✓✓
  - beskerming voorkom oormatige spesialisasie deur lande ✓✓
  - invoerbeperkings kan op 'n wye reeks goedere ingestel word om te verseker dat 'n groter aantal binnelandse nywerhede ontwikkel ✓✓

- Ontwikkel strategiese nywerhede ✓✓
  - Sekere nywerhede is van strategiese belang, bv. minerale en energie ✓✓
  - Ontwikkelende lande moet hierdie nywerhede ontwikkel om meer selfonderhoudend te word ✓✓

3. **Beskerming van sekere nywerhede:** ✓✓

- Dumping (storting)✓✓
  - A.g.v. owerheidsubsidies word ondernemings toegelaat om teen baie lae pryse te verkoop – dit lei tot prysdiskriminasie ✓✓
  - Produkte word uitgevoer met die doel om van surplusvoorrade ontslae te raak – invoerland sal bevoordeel word ✓✓
  - Die doelwit is om plaaslike produsente uit te dryf en 'n sterk markposisie te bekom – verbruikers verloor omdat hul keuse beperk gaan wees ✓✓

- Suigelingnywerhede/Nywerheidsontwikkeling ✓✓
  - Nuut gestigte nywerhede vind dit moeilik om te oorleef a.g.v. hoër gemiddelde koste ✓✓
  - Kompetisie in die aanvangsjare maak groei moontlik, hulle trek voordeel uit ekonomieë van skaal, laer gemiddelde koste en meer kompeterend – beskerming kan nou verwyder word ✓✓

- Kwynende nywerhede ✓✓
  - Strukturele veranderinge in vraag en aanbod kan die nywerheid negatief beïnvloed ✓✓
  - Sulke besighede word toegelaat om geleidelik tot niet te gaan – moontlik as beskerming verleen word – gee produksiefaktore tyd om na ander nywerhede te beweeg ✓✓
  - Hulle verloor hul vergelykende voordeel – dit mag lei tot grootskaalse werk-loosheid ✓✓

4. **Beskerming van binnelandse standaarde: ✓✓**
- Handelsbeperkings soos voedselsekuriteit, menseregte en omgewing-standaarde ✓✓
- Stabiliseer die wisselkoers en betalingsbalans ✓✓
- Beskerm natuurlike hulpbronne teen oorontginning ✓✓
- Ekonomies selfonderhoudend ✓✓
- Groter ekonomiese stabiliteit ✓✓
- Natuurlike hulpbronne moet nie uitgeput raak nie ✓✓ **(Maks 30 punte)**

Hoe suksesvol is Suid-Afrika in die beskerming van die plaaslike tekstielbedryf teen buitelandse kompetisie?
- Nie suksesvol: ✓✓ baie plaaslike tekstielvervaardigers sluit a.g.v. onregverdige internasionale mededinging ✓✓
- Baie groothandelaars maak gebruik van oorsese verskaffers ✓✓ bv. Woolworths/Walmart ✓✓
- Dumping kom steeds voor – Europese vervaardigers dump klere in Afrika buite seisoen teen pryse benede kosprys ✓✓
- Werksverliese a.g.v. 'n gebrek aan beskerming in hierdie nywerheid ✓✓
  Enige ander relevante feit **(Maks 10 punte)**

SLOT

Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid fasiliteer globalisering ✓✓
Aanvaar enige ander relevante gevolgtrekking **(Maks 2 punte)**

Gebruik die volgende assesseringsruit saam met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip maar laat belangrike aspekte van die onderwerp uit. (1–15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16–30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31–45)

(Maks 5 punte) **[50]**

VRAAG 10: LU4 AS2

Bespreek die voordele van toerisme en verduidelik kortliks hoe bemarking as 'n beleid tot groei in toerisme kan bydra. **[50]**

INLEIDING:

Die aktiwiteite van mense wat reis en bly in plekke buite hul normale omgewing vir nie meer as een aaneenlopende jaar vir ontspanning, besigheid of ander doeleindes. Dis nie verwant aan 'n aktiwiteit wat vergoed word binne die plek wat besoek word nie. ✓✓✓
Aanvaar enige ander relevante inleiding. **(Maks 3 punte)**

INHOUD:

VOORDELE:

1. **Huishoudings ✓✓**
   - Inkome word verdien deur indiensneming ✓✓
   - Infrastruktuur word geskep vir gebruik deur beide toeriste en plaaslike inwoners ✓✓
   - Vaardighede vereis onderwys en opleiding – aangebied as skoolvakke: Toerisme, Verbruikerstudies ✓✓

2. **Sakesektor ✓✓**
   - Ekonomiese- en basiesedienste-infrastruktuur voorsien deur die publieke sektor en vorm die fondament vir superstrukture ✓✓
   - Bv. akkommodasie, vervoer, geboude attraksies, kleinhandel en ontspanningsdienste ✓✓
   - Kombinasies van publieke sektor, privaatsektor-vennootskappe (PVV's) ontwikkel ✓✓
   - Informele geleenthede soos motorhuur, kunsitems, handwerk bestaan ook ✓✓

3. **Owerheid ✓✓**
   - Hef belasting ✓✓ met twee oogmerke:
   - Verhaal eksterne koste (storte op die strand) ✓✓
   - Verdien 'n inkomste (toeriste word gesien as deel van die belastingbasis) ✓✓

4. **Infrastruktuur ✓✓**
   - Inwoners en besoekers geniet voldoende fisiese- en basiese dienste, wat goed in stand gehou is en wat noodsaaklik is by toeristebestemmings ✓✓
   - DOT, ROI, korridors en PPV's met toerisme as fokus ✓✓
   - Vereis ook 'n sosiale infrastruktuur, bv. ambulansdienste ✓✓ **(Maks 30 punte)**

Enige ander relevante feite.

VERDUIDELIK KORTLIKS HOE BEMARKING AS 'N BELEID TOT GROEI IN TOERISME KAN BYDRA:

- Bemarking van SA toerisme het 'n internasionale- en plaaslike dimensie ✓✓
- In 'n internasionale konteks, poog generiese bemarkingsaksies om SA as 'n toeristebestemming ingesluit te kry wanneer toeriste hul reisplanne oorweeg of reisagente verskillende opsies aan kliënte voorhou ✓✓
- Niespesifieke kriteria word beklemtoon soos die waarde van geld ✓✓
- Wêreld in een land ✓✓
- Politieke wonderwerk ✓✓
- Klimaat ✓✓
- Veiligheid ✓✓
- Vriendelikheid ✓✓
- Netheid ✓✓
- Rustigheid ✓✓
- In 'n nasionale konteks poog bemarking om alle landsburgers te oorreed om te reis as hulle gaan vakansie hou ✓✓
  Enige ander relevante feit. **(Maks 10 punte)**

Gebruik die volgende assesseringsruit saam met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp maar laat belangrike aspekte van die onderwerp uit. (1 - 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 - 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 - 45)

(Maks 5 punte) **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou